STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

24 JUNIE 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS

Hoe leer/weet ek U wil vir my?

Genesis 22:1-14

BREIGROEP

Die breigroep ontmoet weer op Maandag 2 Julie om 09:30 in die **Komiteekamer en nie in die Markplein nie.**

Kontak Ria by 083 519 0602 vir navrae.

DEUROFFER

Geen deuroffers

EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

			24 Junie		1 Julie	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	3	Ds. Visagie (Doop)	4
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	12	Ds. Visagie	13
			8 Julie		**15 Julie**	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach (Doop)	5	Ds. Breytenbach (Doop)	1
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Breytenbach	11	Ds. Breytenbach	12

'N NUWE LERAAR

Ds. René Potgieter van die NG Kerk Gamkavallei in Beaufort-Wes het die beroep na Stellenberg aanvaar. Sy sal op 29 Julie tydens 'n gesamentlike oggenddiens om 09:00 in die kerk bevestig word. Ons verwelkom graag vir René, haar man, Dries en twee seuns Jaden en Joshua.

VAKANSIEPROGRAM

'n Opwindende vakansieprogram met die tema *POWER LAB* word weer vir laerskoolmaats vanaf graad 1 tot 6 aangebied.

Maandag 2 Julie tot Donderdag 5 Julie vanaf 09:00 tot 12:00 in die saalkompleks.

Koste: R150 per kind.

Bespreek jou plek by Sunet Opperman: 021 975 1044/ sunet@stellenberg.co.za

UITREIKE – SO LYK DIE PROGRAM

Altesame 150 volwassenes en jongmense neem aan die uitreike deel. Ons vra dat lidmate asb. ernstig voorbidding vir dié groot projek sal doen. Indien jy gedurende die vakansie dalk by van ons uitreikdorpe verbyry, stop gerus en gaan groet die span. Uitreikspanne besoek die volgende dorpe:

Leeu-Gamka 23 Junie – 29 Junie; Prins Albert 30 Junie – 6 Julie; Beaufort-Wes 30 Junie – 6 Julie; Transkei (Bambisana) 30 Junie – 13 Julie; Calitzdorp 7 – 13 Julie en Mavusa 30 Junie – 13 Julie.

GROENTESOP VIR UITREIKE

Groentesop vir die komende uitreike word dringend benodig en kan tot 30 Junie by die kerkkantoor afgegee word. Omdat sop geneig is om vinnig suur te word, versoek ons dat die klaar gekookte sop so vinnig moontlik gevries word en in bevrore formaat by die kerkkantoor afgelewer word. Weeksdae tussen 08:00 en 14:00, of by die jeugkantoor tussen 08:00 en 15:00.

MET LEEDWESE

Izak Pieter (IP) van der Merwe, gebore 06/09/1949 en oorlede op 14/06/2018. IP was sedert 1989 'n lidmaat van die gemeente. Ons meegevoel met sy vrou, Minnie van Kendal 111, asook met sy kinders Estelle, Suné, Izaan en Dean wat hy agterlaat. Sy roudiens is op 19 Junie in die kerk gehou.

VAKATURE KERKKANTOOR

Vakature: algemene werker. Die werker sal lokale skoonmaak en vir funksies voorberei. Die geskikte kandidaat moet oor minstens 'n graad 9-skoolsertifikaat beskik en 'n geldige rybewys sal as 'n aanbeveling dien. Aansoeke bestaande uit 'n motiveringsbrief en 'n CV moet voor, of op, 2 Julie 2018 per hand by die kerkkantoor ingelewer word, of per e-pos aan fritz@stellenberg.co.za gestuur word.

WOLSKENKINGS

Ons vlytige breigroep benodig wolskenkings. Enige bruikbare en skoon wol is welkom. Gee asb. by die kerkkantoor af. Kontantbydraes vir wol kan ook by die kerkkantoor inbetaal word, of EFT na ABSA, Tjekrekening 145 058 0011 en gebruik WOL as verwysing.

EDELWEISS PANNEKOEK

Heerlike pannekoek word op Vrydag 29 Junie verkoop. Bestel voor 27 Junie by Edelweiss ontvangs @ R5 elk.

EDELWEISS HOU 'N SNOEKBRAAI

13 Julie

R50 per persoon

Vars Weskussnoek, patat, tuisgebakte brood en korrelkonfyt.

Kaartjies te koop by Edelweiss se ontvangs.